Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

*In die party-politiek word geveg teen mede-Afrikaners*

*In die Ossewa-brandwag word geveg teen uitlandse vyande.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 22 JULIE 1942. No. 37.

## ANTWOORD OOR DUITSE RADIO LAAT PARTYBLAD BONTSTAAN

### Die Transvaler Hits Regering Aan om „Mede-Afrikaners" op te Spoor

**Kort gelede het dr. Malan 'n eis aan Duitsland gestel om te sê wat hy met Suid-Afrika voor het. Die antwoord van Duitsland op hierdie eis, was, soos The Forum dit uitgedruk het, 'n verskerpte aanval vanuit Zeesen op dr. Malan en sy party.**

Omdat dr. Malan se eis — soos trouens al sy amptelike verklarings en oproepe — 'n propagandistiese strekking gehad het en hoofsaaklik bedoel was vir binnelandse konsumpsie, het Die Transvaler hom geroepe geag om sy lesers te waarsku teen die uitsendings van Zeesen. Hulle moenie veel notisie neem van wat die Duitse radio sê nie, veral nie wat hy van dr. Malan en die Herenigde Party dink nie. Dit is maar Ossewabrandwag-propaganda in Duits! Hierdie blad het hom toe aangematig om Duitsland oor die vingers te tik en hy skryf op 15 Junie as volg: „Daar is baie Nasionaliste wat dit sterk veroordeel dat Zeesen hom in sy uitsendings soms inmeng in die binnenshuise aangeleenthede van die Afrikanerdom en dit nogal sonder behoorlike kennis van wat hier gebeur."

In sy hoofartikel van 4 Julie huil die blad oor die antwoord wat Duitsland op hierdie beskuldiging en ook op die eis van dr. Malan gegee het. **Die antwoord van Duitsland was glo so verpletterend vir die Herenigde Party, dat Die Transvaler sy lesers nou met die volgende moet troos:**

**„Natuurlik is die Afrikaners ook bewus van die feit dat die eintlike skuld vir sulke uitsendings en vir die skepping van verkeerde indrukke oor see BY MEDE-AFRIKANERS LÊ . . . . Diegene wat uitsendings na Duitsland doen (deur die grasie van veldmaarskalk Smuts en dr. Colin Steyn?) het enkele sinsnedes van hierdie hoofartikel na Duitsland gestuur . . . . Dit is opvallend dat net soos met die geheime sender, wat pro-Regering was, diegene wat hierdie sendings doen, nie lankal gepak is nie . . . .** Die radiotoesprake van amptenare van Zeesen is natuurlik nie amptelike verklarings van die Duitse Regering nie . . . ."

Ons wil ons nie nou uitspreek oor die beskuldiging wat hierdie Partyblad nou weer inbring teen „mede-Afrikaners wat vir die uitsendings verantwoordelik is" en die verwyt wat hy die Regering doen omdat hierdie mede-Afrikaners nog nie „gepak" is nie. Ons is al gewoon daaraan om te hoor dat as dit sleg gaan met die H.N.P. of as hy dit op sy kop kry van oor see, mede-Afrikaners die skuld daarvoor moet kry, ja dat „mede-Afrikaners" selfs in die tronke gestraf moet word ten einde te belet „dat teen ons Party propaganda gemaak sal word."

#### BELAGLIK

Die wyse waarop hierdie H.N.P.-blad die Duitse antwoord nou wil probeer afwater, is so belaglik as wat dit gevaarlik is. Die veroordeling van Die Transvaler en dr. Malan deur die Duitse radio word nou afgeskud met die verskoning dat dit nie juis amptelike verklarings is nie! **Maar in dieselfde asem verwys die blad na die „waardevolle versekerings" wat Duitsland in dieselfde verklaring gegee het betreffende die onafhanklikheid van Suid-Afrika.** Hoor wát sê die blad: „Daarin is nogtans **sekere waardevolle versekerings gegee wat ons verwelkom,** soos dat Duitsland die vryheidsideaal van die nasionale Afrikanerdom respekteer, nie die geringste plan het om Suid-Afrika op enige manier te beheers nie en dat die volk van Suid-Afrika die reg het om sy staatsvorm self te kies."

Nou vra ons: indien Die Transvaler self sekere dele uit dieselfde mondvol waarin dr. Malan en die H.N.P. se kop gewas word as „waardevolle versekerings" aanvaar, **watter hoop het hy om die Afrikanervolk wys te maak dat die res van die verklaring geen amptelike stempel dra nie, maar slegs praatjies van die radio-amptenaar is?**

Maar indien dit die geval sou wees dat radio-amptenare in Duitsland soveel vryheid het dat hulle „waardevolle versekerings" aan ander volke **op eie houtjie** kan gee **sonder goedkeuring van die Duitse owerheid,** dan verwonder dit 'n mens dat een van hulle nog nie vir sy familie in Suid-Afrika oor die radio groete laat weet het nie! En so 'n vryheid van spraak sal sekerlik deur amptenare van die B.B.C. en die Suid-Afrikaanse Radiokorporasie beny word as 'n sterre-hoë lugkasteel.

As Die Transvaler se uitleg waar sou wees, **dan het gewone amptenaartjies in die nasionaal-sosialistiese Duitsland bepaald groter vryheid om te beweeg op die terrein van die WÊRELD-POLITIEK as goeie H.N.P.-ampsdraers op die terrein van die Suid-Afrikaanse PARTYPOLITIEK, want die party se ampsdraers word gestraf wanneer hulle maar net nie hard genoeg op dieselfde toonhoogte piep as wat hul „volksleier" kwaak nie. In Duitsland daarenteen kan 'n staatsamptenaar op eie houtjie „waardevolle versekerings" aan ander volke gee en dit herhaal sonder om gestraf te word!**

#### PERKELOSE VRYHEID

In die nasionaal-sosialistiese Duitsland — wat deur Die Transvaler en die Party as voëlverskrikker aan die bors van die Ossewabrandwag gespeld word — sou daar dan soveel vryheid heers dat amptenaartjies van die staat toegelaat word om tot ergernis van die „alternatiewe regering van Suid-Afrika" „in te meng" in ander lande se „binnenshuise aangeleenthede", ja meer nog, om selfs op eie houtjie versekerings aan Egipte en Suid-Afrika te gee wat so gewigvol is dat selfs die redakteur van Die Transvaler dit as „waardevol" „verwelkom"!

Ons twyfel of dr. Malan se staatsdepartement van tien jaar gelede — d.w.s. voordat dr. Malan nog gevolmagtigde volksleier was — so 'n groot vryheid aan sy amptenare ten opsigte van blote **verkiesingsbeloftes** sou toegelaat het!

(Vervolg op bls. 2)

## VIER MAANDE KON GEEN „SKULDBEKENTENIS" AFPERS

### Ses Vryburgers op Vrye Voet

**Van die Vrystaatse hoofkwartier is ons 'n kiekie gestuur van ses Boere uit Vryburg wat vier maande lank sonder aanklag of verhoor in die tronk op Potchefstroom aangehou was. Almal moes op laas deur die owerheid vrygestel word omdat geen getuienis of bewys van skuld teen hulle gevind kon word nie, en weens die feit dat geeneen van hulle „skuld beken" het nie. Hulle is genl. P. Grobbelaar, mnre. H. Jacobs, F. de Klerk, A. Lombaard en J. Haasbroek. Die kiekie is ongelukkig te dof vir 'n afdruk, en kon gevolglik tot ons spyt nie geplaas word nie.**




105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwe-fonds £90,000

Hoofkantoor:

**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**

BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

# TE KOOP

***Opreg en Suiwergeteelde***

WANGANELLA-SKAAP RAMME

FRIESLAND BULLETJIES

en

GLADDEHAAR BOERBOK-RAMME

***Pryse Billik!!***

Tevredenheid Gewaarborg.

Besonderhede van:

T. B. JORDAAN

P.S. Buffelsfontein, SOMERSET-OOS.

# Schoemannello-Drank

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

**Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.**

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

**POSBUS 142, OUDTSHOORN.**

# Antwoord oor Duitse Radio

(Vervolg van bls. 1)

Die houding van Die Transvaler is egter gevaarlik, net soos dr. Malan se brutale eis aan Duitsland nadat hy daardie land beskuldig het dat hy graag 'n rebellie in die Unie wil stook ten einde verwarring te veroorsaak, en in die Parlement verklaar het dat Duitsland die Unie graag sal wil annekseer — uitlatings wat daartoe bygedra het dat die Duitse radio so 'n vir die Party onvriendelike antwoord op die ,,onverstaanbare'' eis van dr. Malan gegee het.

In hierdie uitlating van Die Transvaler lê nie alleen opgesluit 'n ernstige beskuldiging van onverantwoordelikheid aan die kant van die Duitse regering nie, **maar van uit Duitse oogpunt beskou, kan daar sekerlik nie 'n skadeliker teen-propaganda vir die Duitse oogmerke gemaak word nie. Die Transvaler se onverantwoordelike geskryf kom daarop neer dat versekerings van Duitse kant soos by voorbeeld dié aan Egipte en, volgens Die Transvaler self, ook aan Suid-Afrika, as goedkoop propaganda beskou moet word — juis wat die Engelse beweer!** En na so 'n beskuldiging hoop dr. Malan en Die Transvaler om met die hoed in die hand die vryheid van Duitsland te vra.

Indien dr. Malan en sy pers verklarings oor die Duitse radio as nie-amptelik verwerp, het hulle dan die reg om Duitsland kwalik te neem as hy dr. Malan se beroepe op Duitsland as politieke propaganda verwerp? **Het hulle dan die reg om kwaad te wees as Duitsland sou gesê het dat sy simpatie lê aan die kant van diegene wat die dissiplinering en eenheid van die volk beoog en nie aan die kant van diegene wat eie belang en partyvoordeel bo volkseenheid stel nie?**

## BEDANK NÁ VERGADERING

Mnr. H. L. Delport van Vrede, O.V.S., berig as adjudant van die Kommandant dat sowel hy as komdt. J. van Rooyen die H.N. Party vaarwel gesê het nadat hulle 'n vergadering van genl. Kemp en adv. Swart bygewoon het. Die aanvalle wat hierdie twee manne op die O.B. geloods het, het hulle laat besef dat hulle hul volk beter kan dien deur hul ywer toe te spits op die volksbeweging wat op die bloed-deurweekte pad van ons volk staan, as in 'n party wat mede-republikeine beoorlog.

# Wie Gaan Tobruk Wreek

Die gevolg wat die Empire-aanbidders aan die oproep van hul Veldmaarskalk gee om Tobruk te gaan wreek, is glo so bedroewend dat een werwingsoffisier in Johannesburg dit as belaglik bestempel het. Ons kan goed verstaan waarom die toestroming tot die leër so dunnetjies is as ons een voorvalletjie in die gedagte roep.

In Knysna, waar byna tweehonderd Afrikaners deur lojale werkgewers in die pad gesteek is, het een van die base 'n Afrikaner met die volgende woorde sy ontslag in die hand gestop: **,,Da, jou rebel, nou kan jy by die leër gaan aansluit.''**

Van die ,,rebel'' word verwag om te gaan aansluit, maar die lojalis sjt veilig tuis. Natuurlik sal 'n ,,rebel'' nie so geredelik by die leër gaan aansluit as wat 'n mens van 'n lojalis sou verwag nie. Hy sal eers tot die uiterste van sy kragte pogings aanwend om sy brood op ander maniere te verdien. Dit is dan ook seker daarom dat daar tot onlangs in Johannesburg soveel as 1,100 vir militêre diens medies ondersoek is maar slegs 240 van hulle in werklikheid aangesluit het. **Of bestaan die orige groep uit lojale ,,oorlogdeursieners'' wat na die militêre dokter gegaan het in die hoop dat hulle militêr ongeskik bevind sou word?**

Die toekoms sal egter gou uitwys uit wie daardie groep bestaan. Indien dit sogenaamde ,,rebelle'' is wat slegs onder die uiterste dwang sal aansluit, kan ons verwag dat daar 'n aansienlike tyd sal verstryk voordat die ,,vrywilligers'' na die leër toestroom — eers as werwingsoffisier, genl. Honger, hulle daar besorg. Indien hulle egter uit lojale sleutelmanne bestaan wie se werk, by voorbeeld in die verskaffing van drankies aan Sy Majesteit se besoekende troepe of verkoop van tweedehandse artikeltjies, verhinder dat hulle gaan aansluit, sal Tobruk na alle waarskynlikheid nooit gewreek word nie.

## FLUKS GEWOEKER

Mev. M. S. Prinsloo van Dresden, Paul Roux, berig dat die kommandante, mev. A. M. M. Griesel, op 5 Junie 5/- aan vyf dames uitgedeel het om daarmee te woeker. Na twintig dae het een van hulle, korple. M. E. Joubert, haar sjieling teruggebring met 19/- wins. Sy het hekelgaring gekoop en kraaldoekies gemaak. Na verneem word vorder die ander ook fluks.

**Ondersteun ons Adverteerders.**

***HIER IS DIT NOU!***

# DIE STEM VAN DIE VOLK

Deur N. G. S. VAN DER WALT.

***Prys 1/6 Posvry.***

Die doel van hierdie werkie is tweërlei: *eerstens* om die toestand onder die verworde demokratiese stelsel soos ons dit vandag dwarsdeur die wêreld aantref, in verhaaltrant uit te beeld op 'n Afrikaanse agtergrond, en *tweedens* om met die verkoop daarvan die O.B.-Fondse te sterk.

**6d. op elke eksemplaar wat verkoop word, gaan vir die O.B.-Fonds.**

In hierdie skerts op die Britse demokratiese stelsel word die euwels wat die Party-stelsel kenmerk op helder en boeiende wyse aan die kaak gestel. Die inhoud is leersaam en pakkend.

Help met die verspreiding van hierdie nuttige werkie deur u bestelling sonder versuim (voor 8 Augustus) te plaas by u plaaslike Kommandant(e) of direk by die uitgewers:

**PRO ECCLESIA-Drukkery,** Posbus 28 Stellenbosch

# Geen Belangstelling in Vrywording Nie, Dog Slegs In Regering Van Republiek

**Ons neem die volgende brokkie uit 'n toespraak van adv. J. G. Strydom, leier van die H.N.P. in Transvaal, om aan te toon hoe daar by hierdie ,,volksleiers" gedink word oor sake van lewensbelang. Dit was gehou te Springs.**

,,Die Party is ook in dr. Van Rensburg se pad daar hy diktator van Suid-Afrika wil word en die Herenigde Party in die gewone loop van sake gevra sal word om 'n regering saam te stel as die Smutsregering tot 'n val kom. Die metodes wat dr. Van Rensburg gebruik, is om die volk wys te maak dat die O.B. die republiek kan verkry. **Dit is die werk van die party,** want dié wil dit by die stembus verkry; **of as Brittanje ineenstort dan kom dit sommer vanself.** Die derde moontlikheid is deur rebellie en dit is vir die Party uitgeslote. Dr. Van Rensburg hoop blykbaar dat Hitler hom sal aanstel as plaasvervanger in Suid-Afrika as hy die oorlog wen, **maar ek is oortuig dat hy vir dr. Malan sal aanstel.**"

Uit die redenasie van hierdie Ersats-volksleier moet dus afgelei word dat die **verkryging** van 'n republiek vir hom en sy makkers **bysaak** is. Hoofsaak is dat dit die **Party** moet wees wat die republiek bring en **dr. Malan** wat die ,,plaasvervanger" van Hitler moet wees, of as die republiek ,,sommer vanself kom", dat dit die **Party** moet wees wat gevra word om die regering saam te stel.

**Hy vergeet natuurlik dat dit die Britse Goewerneur sal wees wat die Party ,,in die gewone loop van sake" sal vra om die regering saam te stel.** In die ,,gewone loop van sake" sal die Herenigde Party dus met graagte ,,Sy Majesteit se regering" wil word! En in sy strewe na hierdie ,,eervolle" posisie sien hy in dr. Van Rensburg 'n ernstige mededinger wat uitgeskakel moet word!

Die Ossewabrandwag koester geen hoop en het ook geen begeerte om deur die Goewerneur-generaal versoek te word om die regering saam te stel nie. Ons belangstelling is in die **vrywording** van die Afrikanervolk en nie in die samestelling of aanstelling van regerings nie!

## APPÈL TEEN DOODVONNIS

**Adv. J. D. Jerling het appèl aangeteken op sekere wetspunte teen die uitspraak van die Spesiale Hof in die saak waarin Julian Dawid Visser en Hendrik Stefanus van Blerk ter dood veroordeel is op aanklag dat hulle die poskantoor op Benoni opgeblaas het.**

**Die appèl sal in Bloemfontein verhoor word, en sodra die uitspraak van die Appèlhof bekend is, sal daar definitiewe leiding van die Kommandant-generaal uitgaan.**

## NUWE REËLING INSAKE VRIENDSKAPSENTRUM

Besoekers aan die Vriendskapsentrum se aandag word daarop bepaal dat genle. Du Toit as gevolg van die nuwe reëlings in verband met die Naaldwerkkring voortaan Dinsdae in plaas van Saterdae in die Vriendskapsentrum te spreek sal wees. Sy kan egter nog Saterdae deur middel van die O.B.-kantoor of per telefoon bereik word.


VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN

**DAMES-ROKKE**

besoek

**Steyns**

PAROW SE NUWE MODERNE SAAK.



**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar:* D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.


## *GROOT O.B.-LENTEOFFENSIEF ! !*

### *OP MAANDAG — 3 AUGUSTUS 1942*

Loop die *SENEKAL-KOMMANDO* (6B1) die *8ste AUGUSTUS* storm!! Verwoede aanvalle sal vanaf *9 v.m.* ten weste van die *SANDSPRUIT* op verskillende bunkers geloods word, en die *„RIDDERKRUIS VAN DIE SLAGHAMELS"* sal as onderskeidingstekens vir dapperheid toegeken word.

'n *KONVOOI*, vol belaai met *voorrade* bestaande uit:— *GEPANTSERDE BRAAIVLEIS, BOERWORS met DIESELENJINS, VIER-MOTORIGE PANNEKOEKE, WAFEL-ONDERDELE* en *VOORPOS-TOEBROODJIES,* waaronder enige *10,000 TON TENKERS* vol klaargemaakte *BOERETROOS,* en ander *BRANDSTOF* voorrade, sal die leërskare onder aanvoering van *„ADMIRAAL VON BOKKIE"* begelei.

*VERBETE HAMMERHOUE,* om die *STRATEGIESE SLAGGOED te KNYPTANG,* kan verwag word.

*VOLGENS PLAN SAL DIE AAND TOT BY DIE STADSAAL TERUGGEVAL WORD, OM NUWE STELLINGS IN TE NEEM EN 'N TWEEDE FRONT TE SKEP.*

*MAER SKALK SMITH OF (S)TORM (J)AER STANDER* sal 'n besoek aan die front bring.

*KORVETTE KAPITEIN HAJ DU TOIT* en ander *HOOGGEPLAASTE* Diplomate sal spesiaal oorkom om T te drink en te sien hoe een van die allergrootste *STORMLOPE* in die geskiedenis afge-*ROMMEL* word.

*REKRUTE uit alle naburige eenhede word GELAS om VRYWILLIG AAN TE SLUIT* om die Konvooi met boordwapens te Kelder of uitmekaar te jaag en die Admiraal Krygsgevange te neem.

*ONTHOU DIE TYD!!!*

*9 v.m.* is die *„WAFELS"* gebak en dan is die *„GORT"* gaar.


## *Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

***MEER AS 200 KURSUSSE***

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook *U* kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in......................

Naam:......................

Adres......................

(O.B. 27 Mei 1942) ......................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG.

Posbus 3512. Foon 22-3512.



**W. VOIGT BPK.,**

**HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings*

*Masjienerie,*

*Sleepwaens,*

*Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**


ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

DIE O.B., WOENSDAG, 22 JULIE 1942.

# Aanslag op die Vrou

Dit wil voorkom of die leiers van die Sappe wat die bewind oor ons land voer, nie alleen die bolsjewistiese tronkmetodes oorgeneem het in hul stryd ter bestendiging van die demokrasie en persoonlike vryheid nie, maar dat hulle ook die kommunistiese minagting vir die vrou van hul nuutgevonde bondgenoot deelagtig geword het.

Dit was nog altyd 'n eienskap van die Germaanse ras dat hy 'n besondere hoë agting vir die vrou gekoester het. Ook by ons eie volk is die Vrou en Moeder verhef tot die edelste en onaantasbaarste sierade van ons volk. Vir die Kommunis daarenteen wat alle grense wil uitwis, is die vrou 'n blote werkkrag ten bate van die staat wat in alle opsigte op gelyke voet met die man behandel moet word.

Dit is klaarblyklik hierdie bolsjewistiese gees wat ons owerheid die vrymoedigheid verleen om op so 'n uitgebreide skaal en skaamtelose wyse die eer van die Afrikanervrou aan te tas soos tans die geval is; of moet dit miskien toegeskryf word aan die Britse tradisie wat verantwoordelik was vir die uitdelging van 27,000 vroue en kinders in Suid-Afrika en tienduisende vroue tydens en ná die Wêreldoorlog in Duitsland?

Watter van die twee redes ook al die deurslaggewende is, een feit staan vas: die eer en agting vir die Vrou en Moeder word deur die huidige bewindvoerders op 'n skaamtelose en gevaarlike wyse ondermyn en aangetas.

**Elsabe Nel**

Dit het begin toe 'n vyftienjarige skooldogter in Pretoria deur die owerheid na die tronk gestuur is omdat sy, getrou aan die eervolle tradisie van haar geslag, geweier het om haar volksgenote te verraai aan 'n onnasionale magsbewind. **Deur hierdie daad is die naam van die Boerevrou nie verlaag, soos van kommunistiese kant miskien gehoop is nie, maar verhoog, en die heldinnery van ons volk het aangegroei met een.**

Maar hierdie manne wat daarop aanspraak maak dat hulle die volk verteenwoordig en 'n stryd voer vir die demokrasie, het in hul kapitalistiese verhewendheid nie daarin geslaag om die volkswil raak te sien in 'n donderende betoging teen hierdie soort optrede nie. Die uitspraak van die volk wat geopenbaar is in die verheffing van Elsabe Nel deur honderdduisende tot 'n heldin, is deur hierdie „demokrate" op kenlike wyse geminag. Hierdie volksuitdaging is beantwoord met 'n nog onverbiddeliker aanslag op die vrou. Ons het die voorbeeld gehad van twee Duits-Afrikaanse vroue wat tussen kaffermeide maandelank in die tronk aangehou is, in die een geval omdat geen aanklag teen die slagoffer gemaak kon word nie en in die ander om 'n skuldbevinding van 'n hof af te wag op 'n aanklag wat die hof as ongegrond uitgewys het. Die uitspraak van die Geregshof het egter geen verandering in haar aaklige toestand teweeggebring nie. Albei vroue se lot kon alleen verander word toe hulle die hongerdood verkies het bo die begeregtiging van die owerheid.

**Mej. Badenhorst.**

Hierdie skandelike episode was nog in die loop van sy ontvouing toe die owerheid hom aan nog 'n Afrikanervrou vergryp het. In hierdie geval was dit 'n jong dame van Pretoria, mej. H. Badenhorst, wat volgens berigte in die pers, **vir vyf dae lank deur speurders ingekerker was om geen ander rede nie as dat sy die „misdaad" begaan het om navraag te doen na 'n persoon wat in die tronk aangehou word.** Daarby het dit nie gebly nie. Sy is ondervra met die dreigement dat sy aangehou sal word vir selfs die duur van die oorlog. Mej. Badenhorst het vriende van haar gevra om klere na die tronk te bring. Hulle is egter deur 'n speurder gelas om die klere weg te neem tot die volgende dag, en toe is dit eers voor die oë van almal uitgeskud voordat dit aan haar gegee is. Maar soos die Imperialistiese vyand se aanslae op ons volk

*(Vervolg in volg. kolom.)*

*(Vervolg van vorige kolom.)*

in die verlede keer op keer gestrand het teen die onbuigbare wil van die Boerevrou, so ook het dit hulle hierdie keer nie geluk om 'n Afrikanerdame in te breek nie. Na vyf dae is sy losgelaat.

**In al vier gevalle dus het die maghebbers van Brits-Suid-Afrika gefaal in hul skandelike aanslag op die eer van die vrou,** en met vliegende vaandels het sy uit die slag te voorskyn gekom.

Indien hierdie uitslag hul oë nie oopmaak vir die vrugteloosheid van hul pogings nie, mag ons hierdie ondervraende bewindvoerders wat ook reeds gewaarsku is teen die deursnuffeling van vroueklere, daarop wys dat hulle nou teen die sterkste vesting van die Afrikanerdom aanruk. Die Vrou en Moeder van die Boerevolk kon nie eens deur 'n Britse moordkamp van haar eregposisie gestoot word nie, en nog minder sal 'n Empire-tronk wat ruik na bolsjewistiese metodes daarin slaag. **Maar indien die Regering hoop om deur hierdie optrede haat en bitterheid te saai, sal hy sekerlik geen vrugbaarder aarde daarvoor vind as die harde vloer van die tronksel nie — en die oes sal groot wees!**

# Minister Maak Van Geregshowe 'n Klug Sê Advokaat

**'n Klug word gemaak van die werksaamhede van die geregshof deur die optrede van die Minister van Binnelandse Sake, adv. H. G. Lawrence, om 'n persoon wat deur die hof vrygespreek en ontslaan word, onmiddellik daarna te interneer, het adv. C. P. Bresler verklaar by die beëindiging van die voorlopige verhoor van Sidney Robey Leibbrandt en ander op aanklag van hoogverraad.**

Adv. C. P. Bresler het aan die hof gevra wat die posisie is in verband met die persone wat nou aangekla word van ander misdade as hoogverraad.

Adv. Barrett, openbare aanklaer, het voorgestel dat borgtog van £300 toegestaan word, op voorwaarde egter dat die beskuldigdes hulle daagliks by die polisie sal aanmeld. Adv. Bresler het hierop gevra wat die posisie is wat internering betref. Dit sal vir hierdie mense wat nie besonder welgesteld is nie, baie moeilik gaan om £300 bymekaar te kry. Hulle wil nie graag daardie moeite doen as hulle weet dat hulle onmiddellik daarna geïnterneer gaan word nie. **Dit skyn vir spreker of dit die beleid is van hierdie Regering om die goeie werk wat in howe gedoen word, heeltemal te verydel en van nul en gener waarde te maak met sy internering. So gou 'n man deur die hof onskuldig bevind word, word hy in die interneringskamp gestop.** Spreker wil graag van die aanklaer hoor of hy die versekering kan gee dat die mense nie geïnterneer sal word as hulle op borgtog uitkom nie. **Hy is nie bereid om verder in hierdie komedie saam te speel nie. 'n Mens se vertroue word heeltemal geskok deur hierdie soort optrede van 'n minister.**

**Adv. Barrett het hierop geantwoord dat na die beste van sy kennis al die persone wat hier ontslaan of uitgelaat word, geïnterneer sal word.**

### *GEDAGTE VIR 8 AUGUSTUS*

**Indien die moeders van ons volk in die verlede gewillig was om hul seuns, ja selfs hul suigelinge op die altaar van ons vryheid te lê, is u nie bereid om vandag maar net 'n deeltjie van u geldelike inkomste op die altaar te lê vir dieselfde vryheid wat nog nie verwesenlik is nie? Die geleentheid daarvoor word op 8 Augustus gebied.**

FONDSDAG !!!!

DIE KOMMANDO'S *VICTORIA-WES, CARNARVON, FRASERBURG* en *LOXTON,* trek saam te
**LOXTON op 8 AUG. 1942**
vir *O.B.-FONDSDAG.*
Alle goedgesindes word hartlik uitgenooi.

Presies om *10 uur v.m.,* na inspeksie van die *Erewag,* open ons *Asst. Komdt. Generaal, J. A. Smith,* ons *Basaar* in die *Kerksaal.* Ander vermaaklikhede sal aangaan tot 12.30 n.m. wanneer 'n ligte middagete bedien sal word.

In die namiddag sal die *Jeugfront-Program* uitgevoer word, met bykomende vermaaklikhede, soos *Jukskei* en *Volkspele.* Om *5 n.m.* word aandete bedien en presies om *7.30* n.m. spreek *A.K. Genl. J. A. Smith* ons toe in die *Kerksaal.*

*VERVERSINGS IN DIE KAFEE IS HEELDAG TE KRY.*

GROOT
*REDDINGSDAADNAWEEK*
op
YSTERPLAAT
(BROOKLYN)
**9 Okt., — Konsert**
**10 Okt., — Boeresport**
Toesprake en Volkspele
Finale reëlings sal later bekendgemaak word.

SASBANK
**Verrig Volksdiens!**

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK

| | |
|---|---|
| PAARL:— | Posbus 266 |
| WORCESTER:- | Posbus 57. |
| KAAPSTAD:— | Posbus 2387 |

SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.
DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.
V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:
Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringsdiens.
Padverslae, Pad- en roetekaarte.
'n Unieke motorkenteken.
Volle Besonderhede van:—
DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

# TWEE MENIGTES EN EEN PERSOON

## Droom Wat Betrekking Het Op Dr. Van Rensburg

Kyk, ek het 'n droom gedroom. Ek droom dat ek 'n mag-der-menigte mense al op die loopbaan van dr. Van Rensburg sien. 'n Eienaardige skare. Sommige reg-op met die oë strak voor hulle op die grond gerig, party in gebukkende houding, andere op hul hurke, enige op hande en knieë en nog andere plat op die maag besig om die sandjies en grassies op die spore van die Kommandant-generaal weg te blaas. Dit lyk of hulle naarstiglik na iets soek, en hulle wyk nie af van die streep wat dr. Van Rensburg gekom het nie. Al op sy spoor soek hulle na iets en werk terug, terug en steeds verder terug totdat die voorpunt al daar, doer by 1914 verby trek. 'n Uiters eienaardige en skouspelagtige stoet in buitengewone houding al op die spore oor die bulte en vlakets heen, terugwaarts bewegende totdat die voorpunt in die verte verdwyn. 'n Soekende menigte op wie se gelaat kommer, sorg en vertwyfeling gelees kon word. Hulle het blykbaar nie gekry waar hulle na soek nie; so het ek gedroom lyk dit vir my.

Toe sien ek verder in my droom ook dr. Van Rensburg self met ook 'n mag-der-menigte mense by hom, maar hulle beweeg in teenoorgestelde rigting, nl. **vorentoe.** Die oë nie vóór hulle in die sand gerig nie, maar waterpas het hulle die oë op die verte gerig asof hulle iets blymoedig en opgeruimd met gesigte stralende van vreugde tegemoet gaan. Elke skare het ook 'n yslike banier by hom. Op die voorpunt van die voorwaarts-bewegende groep, saam met dr Van Rensburg dra hulle die banier waarop die volgende opskrif aangebring is:

,,Almal wie die hand aan die ploeg slaan en omkyk na agtertoe, is die nuwe republiek nie waardig nie.''

En op die agterpunt van die agterwaartse groep dra hulle hul banier met die volgende woorde:

,,Hoe ek dieper poog te delven, hoe ek meer bederf ontmoet.''

Oorweldig van verbasing het ek hierdie naggesig staan en aangaap toe ek ewe skielik en onverwags 'n koue hand op my skouer voel wat 'n geweldige rilling deur my hele liggaam laat trek, en toe ek omkyk, ja waarlik, toe staan daar 'n onbekende persoon by my, en hy vra: ,,Josef, verstaan jy ook wie hierdie mense is en wat dit alles beteken?''

,,Nee meneer'', antwoord ek hom, ,,hoe sal ek dit tog te wete kom as niemand my inlig nie?''

,,Nou goed,'' gaan hy voort, ,,luister dan na my en ek sal jou die betekenis van dit alles meedeel.''

### DIE UITLEG

Elke groep mense wat jy hier sien, het 'n naam. Die een groep wat saam met dr. Van Rensburg vorentoe beweeg se naam is ,,Ons'' en die andereen se naam is ,,Hulle'', en dit is wat hier gaande is: Terwyl ,,Hulle'' al op dr. Van Rensburg se loopbaan terug strompel om te gaan kyk **waar hy vandaan kom,** trek ,,Ons'' met hom vorentoe en kyk Ons slegs na **waar hy heengaan.** Terwyl Hulle agtertoe hardloop om gou te gaan uitvind **waar hy as seun in 1914 was,** nael Ons met hom voorwaarts heeltemal tevrede met **waar hy as man in 1942 is.** Terwyl Hulle terug soek en gaan probeer vasstel **aan watter tak van watter party hy tydens die Rundergpes behoort het,** stryk Ons met hom vooruit, wetende **aan watter stam van watter volksgemeenskap hy nou tydens die kommandowurmpes behoort.** Terwyl Hulle op sy sleepsel terug soek na 'n ,,merk'' wat hy miskien nie gemaak het nie, bly Ons kort op sy hakke om teenwoordig te wees as hy sy ,,merk'' gaan maak. En . . .! Omdat hy geweier het om Ons te verkoop, verruil, verkwansel of verpand vir askiefronte, setels op komitees en wat dies meer sy, daarom weier ook Ons om hom te verruil vir al die Kommandante-generaal vanaf Downingstraat 10 tot by Keeromstraat 30.''

Toe ek weer opkyk in my droom, toe was die iemand weg, en . . . . toe skrik ek wakker.

JOSEF.

## A.K.G. VAN NATAL GEVANGE GENEEM IN BLOEMFONTEIN

**Na verneem word, is genl. O. L. Nel, A.K.G. van Natal, verlede Donderdag in Bloemfontein deur die Smutsbewind in hegtenis geneem net voordat hy die sitting van die Grootraad bygewoon het. Die rede vir sy aanhouding is onverklaarbaar.**

## MOET MEDE-REPUBLIKEINE JUIS BEVEG!

### Optrede Bepleit Teen Partylede Wat Versoening Voorstaan

Ons neem die volgende oor uit 'n berig in Die Burger van 17 Junie:

Op 'n vergadering wat adv. Eric Louw, L.V., vandag op Amospoortjie toegespreek het, het hy gesê dat daar aktief opgetree moet word teen vyande van die Herenigde Nasionale Party, en diegene wat probeer om die Party te vernietig en in onguns by die volk te bring — dit sy Sappe, Pirowiete of Van Rensburg-mense.

,,Dit geld nie alleen vir lede en ampsdraers nie,'' het spr. gesê, ,,maar ook vir L.V.'s en L.P.R.'s wat deur die party in posisies van besondere verantwoordelikheid geplaas is. Daar is 'n paar van hulle wat 'n **passiewe** houding inneem, en dit aan hul kollegas laat om die Party te verdedig teen die aanvalle wat van die Pirow- en Van Rensburgpartye kom. **Diegene van hulle wat verklaar dat hulle by die Party staan, moet bereid wees om op te tree teen die verklaarde vyande van die Party en ook in daardie opsig die leiding van hul hoofleier volg. 'n Soort van versoeningshouding is ook nie in belang van ons Party nie . . . ''**

Die uitskopbeleid van die Party wat die republiek by die stembus wil gaan haal **met meerderheid van stemme** moet dus nou nie net toegepas word op mense wat lid van twee republikeinse organisasies wil wees nie, maar ook op diegene wat net lid van die Party is, maar passief staan in die stryd teen mede-republikeine!

## ,,H.P. SAL AFREKEN MET NIE-LEDE''

Die Vaderland berig as volg:

Op 'n H.P.-vergadering op Hartbeesfontein waar mnr. M. D. C. de Wet Nel, organiserende sekretaris van die Party, volgens kennisgewing ook die woord sou gevoer het, was die opkoms Saterdag maar slegs sowat 75 persone. Dr. Carel Potgieter het alleen as spreker opgetree en o.a. gesê **dat met almal afgereken sal word wat nie aan die Herenigde Party behoort nie, sodra die Party die leisels in die hande kry.**


Toe hy verklaar dat hy nie vriendskap in sy huis met 'n Sap wil hê nie, is hy so erg in die rede geval dat hy 'n rukkie moes stilbly. Op 'n vraag of daar nie 'n ooreenkoms tussen die nasionaalgesinde groepe kan kom nie, het hy geantwoord dat dit nie voor die aanstaande verkiesing kan gebeur nie. Daarna kan gesien word wat gedoen kan word.


Daar was nie genoeg jongmense om aan die wydgeadverteerde volkspele na die vergadering deel te neem nie en dit is toe maar laat vaar.

## PARTY-EENHEID SLUIT VOLKSEENHEID UIT

By geleentheid van 'n vergadering op Springs voorverlede week het die adv. J. G. Strydom, leier van die H.N.P. in Transvaal, verklaar dat niemand lid kan wees van sowel die Party as die Ossewabrandwag nie.

KTK
Die Afikaner se Koffiehuis
Foon 3-0520 Wandelgang
Groote Kerkgebou KAAPSTAD
Smaaklike Braaigeregte Saans.
Onthaal u vriende in die Koffiehuis.
RESEPSIES EN ONTVANGSTE.

VOLKSKAS IS U EIE BANK!

*Fondse oorskry £1,800,000.*
**Hoofkantoor:**
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)



'N VOORBRAND PRODUK
*TANS IN VIER*
**VERPAKKINGS:**
GEEL — — — lig
BLOU — — middel
ROOI — — — populêr
GROEN — donkerpyp
Voorbrand Tabakmaatskappy (Edms.) Bpk.
Kommissarisstraat 200
JOHANNESBURG

GOUE MEDALJE VRUGTEBOME
(Julie-Augustus planttyd)
Duisende Planters vanaf Kaap tot aan Sambesie geniet die vrug van hul arbeid met **HERHOLDT** se beroemde bome, — hulle groei, dra en stel tevrede! **JUBILEUM,** ons gevierde ,,Kersfees Elberta,'' enorme draer wanneer ander Perskes faal. **HERHOLDT'S X.B.,** ons nuwe prok selfkleurige geelvleis, ryp vroeg Januarie, smaak van Tvl. Geelperske. £7-10-0 per 100. **SUIKERBOSSIE** — die lekker verbeterde Parwee, 5/- elk. Early Dawn, Mamie Ross, Peregrine, Elbertaperskes. Appelkose, Pruime, Nektariene, Kwepers, Appels, Granate, Vye, vroeg tot laat soorte vanaf 1/-. Pere, Kersies, Okkerneute, Moerbei, Tamatiepruime, heerlike Tafeldruiwe. Aanvraag groot, bestel sonder versuim.
Geïllustreerde Katalogus gratis.
HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660, JOHANNESBURG.

## ,DEMOKRATIESE' BEHANDELING VAN BLANKE VROU

Hoe die Christelikheid en demokrasie lyk waarvoor ons Regering veg, blyk uit sy behandeling van gevangenes in die tronk en sy minagting van sy eie regspleging. Dit blyk ook uit die behandeling van mev. Elna Eggert voorverlede week.

Nadat mev. Eggert, wat saam met Leibbrandt weens hoogverraad aangekla was, deur die hof onskuldig bevind en op vrye voet gestel is, het die Regering sy speurders gestuur om haar terug te sleep na die tronksel waar sy tussen tagtig meide-misdadigers reeds vir sewe maande aangehou is.

Mev. Eggert het in die hof verklaar dat sy nie sal teruggaan na haar sel nie. ,,Ek word daar aangehou onder toestande erger as waaronder die ergste moordenaar aangehou word. Ek is daar geplaas tussen 80 kaffermeide en ek kan dit langer nie hou nie. Ek moet in my sel bly omdat daar vir my buite geen ander plek is as tussen die meide nie. Hulle vra my reeds of ek ook my man vermoor het. Ek kan verwag dat van hulle my later in die straat sal groet as ou gevangenismaat. Ek is enige tyd bereid om na die kamp vir vroue in Salisbury te gaan, maar na daardie sel gaan ek nie terug nie,'' het sy gesê.

**Sy het verder vertel dat sy reeds op 27 Desember in hegtenis geneem is terwyl sy in 'n motor was en eers op 6 Februarie die eerste skoon klere van haar huis af kon kry.**

Haar pleidooi het niks gehelp nie. Sy is met geweld teruggesleep en het haar toevlug tot 'n hongerstaking geneem, net soos mev. Hartmann 'n rukkie gelede. Eers nadat sy geweier het om te eet, is sy na 'n interneringskamp gestuur.

## VIR DIE FONDS

'n Vrystaatse dame het met die oog op Fondsdag 'n dosyn servet-sakkies aan genle. Du Toit gestuur. Dit is in die Vriendskapsentrum van die O.B. binne 'n paar minute vir £2 verkoop. Een dame, mev. Van Rooyen, het hare weer teruggeskenk vir verkoop.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

**Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geinterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 3,699 | 4 | 5 |
| Lys 234 Vroue-Kommando Indwe .. .. .. .. | | 7 | 6 |
| Lys 282 Lady Grey Kommando .. .. .. .. | 18 | 0 | 0 |
| Mnr. J. J. Bothma, P.K. Askam .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Mev. E. du Toit, Rawsonville .. .. .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| Goudini Vroue-Kommando .. .. .. .. .. .. | 5 | 12 | 3 |
| Lyste 261 en 482 Kirkwood .. .. .. .. .. .. | 9 | 14 | 6 |
| Opbrengs Konsert Manne-Kommando Kaapstad | 9 | 4 | 5 |
| Ontbinde H.N.P.-Tak, Fraserburg .. .. .. .. | 16 | 11 | 10 |
| Aanvullend Vroue-Kommando Robertson .. | 2 | 16 | 6 |
| Lys 283 Vroue-Kommando Lady Grey .. | 10 | 9 | 7 |
| Lys 407 Tousrivier .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 3 | 17 | 0 |
| Lyste 250 en 251 Wolsley Kommando .. | 62 | 4 | 6 |
| Piketberg Kommando Lyste 333 en 334 .. | 20 | 0 | 0 |
| | £3,863 | 2 | 6 |


## KAROO KRAALMIS

BESTEL vroegtydig en wees verseker van aflewering. Karoo Kraalmis, fyngemaal, geskik vir die gebruik met Kunsmistoestelle 27/- per 11 sakke-ton. **10 ton en meer 26/-. In u eie sakke 17/-. Vry gelewer Unie-stasies.**
**J. A. SCHOEMAN, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**



## SPOORBONDKAS BEPERK sê VOORKOM TELEURSTELLING

Slegs 'n geringe aantal
**,,B"-AANDELE**
**5% kumulatiewe voorkeuraandele**
teen £1 elk nog verkrygbaar. Dit is u laaste kans.
*Stuur navraagvorm onmiddellik.*

***Navraagvorm.***

Die Sekretaris, Spoorbondkas, Beperk, Bus 8289, Johannesburg.

Waarde Heer,
Stuur my a.u.b. per kerende pos 'n aansoekvorm om aandele.
Die uwe,

Volle naam ..........................................
..........................................
Adres ..........................................
..........................................



## La Belle Alliance

**Privaat Hotel.**
**DIE AFRIKANER SE TUISTE**
***alle moderne geriewe***
**Billike Terme**
**Eienares: Mev. P. J. RETIEF,**
**Foon 2-3333**
***Ons Ontmoet alle Treine.***
**Kloofstraat, Kaapstad.**



## MARKAGENTSKAP

**Vroeë Môre Mark**
**KAAPSTAD**

***Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.***
**Beste Heersende Pryse.**
***MINNAAR & VAN SCHOOR.***
**Eienaar: Gustav Retief.**
**Telefoon 2-0212.**


***ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS***


Kotzé

DIE
**KLEREMAKER**
EN
**UITRUSTER**
VAN
**KAAPSTAD**

DIE AFRIKAANSE KLEREMAKER — KOOP SUID-AFRIKAANS

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*
*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.*

**ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD**


## *Geklassifiseerde Advertensies*

## IN MEMORIAM

VAN DER MERWE. — In tere herinnering aan my ouers, **Hendrik** en **Johanna**, heengegaan op 18 Julie 1927 en 12 Julie 1935 op Gelukwaarts, Porterville.
Aandenkende dogter en skoonseun,
M. en G. du Toit.
P/a. Magistraatskantoor,
Worcester.

EEN jaar van heimwee en verlange is verby. Ons dink terug aan die 24ste Julie 1941, toe deur die dood van ons geneem is, ons moeder Hilda Strauss.
Haar verlangende Eggenoot en Kinders,
De Wet Strauss, Sonnie, Niek en Junie.

## GEBOORTE

MALAN. — Aan mnr. en mev. Schalk Malan van Bloemfontein, 'n fris Afrikaner dogter, 'n ligdraertjie vir moeder, terwyl vader in die kamp te Koffiefontein sit. Hartlik geluk aan hulle van hulle O.B.-vriende(inne).

## FONDSDAG FUNKSIE

ALLE ware Afrikaners word vriendelik deur die **Marquard Kommando** van die O.B. uitgenooi, veral Clocolan Kommando, om ons Funksie op 8 Augustus 1942, by te woon en 'n aangename dag te kom deurbring. Alle boere lekkernye sal op die terrein verskaf word en Volkspele en Boeresport sal gespeel word. Terwyl u dan die lewe so geniet, dink daaraan dat u vir ander Volksgenote 'n blyk van waardering bewys vir wat hulle in die stryd van die Boerevolk gedoen het.

**ALLE WARE AFRIKANERS IS VAN HARTE WELKOM!!**

## FONDSDAGVIERING

van
GENERAALSKAP BLOEMFONTEIN
**op 8 Augustus te**
ESTOIRE
(Derde Hoef in Vierdelaan)
van 9 v.m. tot 9 n.m.
Braaivleis, ligte verversinge, jukskei, skyfskiet, toesprake, ens., ens.
**KOM GENIET DIE FUNKSIE EN STEUN ONS SAAK!!**

## BENODIG

**ONDERWYSERES.** — Na Julie-vakansie, 'n O.B.-Onderwyseres vir een beginner. Afrikaans-medium. Moet lief wees vir kinders. Meld kwalifikasies en ouderdom . Salaris £8 per kwartaal.
**D. J. ERASMUS, BIDDULPSBERG, SENEKAL.**

CHRISTELIKE jong O.B.-dame as metgesel. Salaris £3 per maand, vry inwoning. Huisbediendes word aangehou. Vir verdere besonderhede skryf aan:— **H. J. S. JACOBS, Klein Jagersfontein, P.K. STEUNMEKAAR.**

## BETREKKING GEVRA

JONG getroude man wat in onguns geraak het by sy werkgewers omdat hy O.B.-gesind is, soek Klerikale betrekking. 5 Jaar ondervinding. Tans besig met privaatstudie vir die graad B.Com. Doen aansoek by No. 1, Die Sekretaris, Posbus 668, Bloemfontein.

## GEVRA

TIKSTER. — Aansoeke word gevra vir die betrekking van Tikster en Algemene-Kantoor Damesklerk. Salaris volgens ervaring. Aansoeke moet gerig word met volledige besonderhede aan **Posbus 2363, Kaapstad.**

## TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaan-neutbome, Tung, vrugte en Rose. Besigheid 20 jaar ge-estabiliseerd. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.
**RUDMANSE EDENVALE KWEKERY,**
EDENVALE NATAL.

## TE KOOP

**AARTAPPELMOERE.** —— Van ingevoerde moere, ,,Greenmountain'' en ,,Flourball,'' £1-2-6 per sak vir 5 sakke en meer. Vir minder dan 5 sakke £1-5-0. Gelewer Montagustasie.
Skrywe aan:
**D. J. JOUBERT, Rietvlei No. 2, MONTAGU.**

**VARKIES.** — ,,LARGE BLACK'' — opreg geteel — Beertjies en Soggies, 4 maande oud, groot en vet £5-5-0 stuk. Een beertjie en twee soggies £15. Tweemaande oud varkies £2-10-0 stuk K.M.B.
**A. S. ZEEMAN, ROBERTSON.**

## SOGGIES TE KOOP

8 GROOTWIT soggies ag weke oud. Uit vol geregistreerde ouers teen 30/- stuk gelewer Tarkastad stasie. S. P. Bekker, Kleinfontein, Tarkastad.

## MIELIES TE KOOP

| | |
|---|---|
| Mielies (Gr. 5 en 6) .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 16/- |
| No. 1 Gemengde Mieliemeel .. .. .. .. .. .. .. | 17/6 |
| Ongesifte Geel Mieliemeel .. .. .. .. .. .. .. .. | 16/6 |
| Geel Gebreekte Mielies .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 16/9 |

V.O.S. Senekal. K.M.B. plus bankkoers. **SENEKAL MEULENAARS (Edms.) Bpk, Posbus 108, SENEKAL.**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**